Harties NG Poortbode

Oorvloedige LOF

Prediker: Ds. Johan de Wet
Datum: 3 Desember 2023

Teks: Lukas 2: 8 - 20
Tema: Dit is die teken

Gemeenteprogram

So	03/12	08:30	Voorbidding	Gebedskamer
		09:00	Erediens en DOOP	Kerkgebou
Di	05/12	18:00	L •I • F • T -afsluiting	Jeugsentrum
Vr	08/12	06:00	Mannebiduurafsluiting	Kerkgebou

Baie geluk aan dié egpare met die doop van hulle kinders

1. Jankus en Tania Myburg met Ilke
2. Barend en Janita van den Berg met Carlie en Amica
3. Gert en Julene van Oordt met HC

Ilke

Carlie en Amica

HC

Lidmaatskap: Angie: 012 253 1991 x 100 E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne: 012 253 1991 x 106 E-pos: komm@hartiesng.org
Kantoorure: Ma - Vr: 08:30 - 12:30 Web: www.hartiesng.org

Heilsmuur

6. Geloof: uit die ewige dood gered. Lukas 23: 39-43

1. Op die plek, wat Kopbeen genoem word, het hulle Jesus en twee misdadigers gaan kruisig.
2. Jesus sê toe in vs. 34: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."
3. Die soldate en selfs die een misdadiger langs Jesus het Jesus bespot en gesê: "Ander het hy gered. Laat hy homself red, as hy die Christus is, wat deur God uitverkies is."
4. Terwyl die een misdadiger langs Jesus die spot dryf, wend die ander hom tot Jesus. "Dink aan my wanneer U in U Koninkryk kom." Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
5. Dankie, dat U hulle wat hulle tot U wend, red van die ewige dood. Amen.

GEBEDSVERSOEKE:

Watter troos, dat die Here ons elkeen by die naam ken en dat die Heilige Gees ons versugtinge aan God bekend maak. Ons dra mekaar op ons gebedshande en bid vir elke lidmaat se beskerming en God se oorvloedige genade en seën.

1. Ria Fourie: sy word elke dag sterker. Sy gaan 8 Desember vir die volgende behandeling.
2. Ons dink in ons gebede steeds aan: Pierre en Suzanne Jansen en Leon en Hannatjie Troskie.
3. Pieter du Toit: hy het Woensdag sy tweede lensvervanging gekry.
4. Helen de Vos: sy wag om te hoor wanneer sy weer vir behandeling moet gaan.
5. Yvonne du Preez: sy vra voorbidding asseblief. Sy sien die neuroloog op 13 Desember.
6. Tannie Anna Laas: sy verswak baie vinnig. Haar familie kry baie swaar.

Wendy Barnardo 072 1596 777 / 012 259 0104

my dank- en geloofsoffer

SEËN DANKBAARHEID ERKENTLIKHEID

Koeverte is by die deure of tydens die week by die kerkkantoor beskikbaar

Inhandiging enige Sondag tot op die laatste einde Februarie 2024

Neem asseblief kennis

Die kerkkantoor sluit op Vrydag 22 Des 2023 en heropen op Dinsdag 2 Jan 2024

'n Aangename en geseënde Feestyd word die personeel en elke gemeentelid toegebid

Die Perfekte Kersfees



Ouers, oupas en oumas

By die deure is 'n adventboekie met die oulikste aktiwiteite, versierings en saamgesels idees vir die hele gesin vir vyf weke beskikbaar.
Neem gerus een en indien jy dalk nie een kry nie, laat weet gerus vir Elizma, sy sal vir jou een maak.
Ons stuur dit ook op ons WhatsApp-groepe uit, sodat jy dit vir familie en vriende kan stuur en hulle daardeur seën.

Gesellige Saamkuier

Sondag 3 Des
René en Mirandi

Sondag 10 Des
André en Katryn

LeeAnn: 073 817 0323

Kollekte en Geloofsoffer

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: Dankoffer

KIDZ KERSPARTYTJIE

ONS VAT HANDE MET DIE CMR EN BIED DIT OP WOENSDAG 13 DESEMBER HIER BY ONS AAN

Jy is welkom om nog met 'n kontantbydrae vir die partytjie te help.

Baie dankie aan elkeen reeds bygedra het. Ons waardeer dit opreg.

KONTAK ASSEBLIEF VIR ELIZMA BY 082 440 6157

Nuwe lidmate

Jy is baie welkom om die **lidmaatbesonderhedevorm** op ons gemeente se webblad by **www.hartiesng.org** in te vul.

Kliek op die tuisblad op **Gemeentevorms** en daarna op **Lidmaatbesonderhede**. Voltooi die vorm volledig en druk dan **STUUR.**